

22 Augustus 2021

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



Efesiërs 6:10-20

ons **storie**
ysbreker

Luister gerus een OF altwee van hierdie songs vandag voor julle gesprek.
VirAnder - Sing 'n Hallelujah <https://youtu.be/kRRHpyh7e8s> OF
Phil Wickham - Battle Belongs <https://youtu.be/qtvQNZPHn-w>

word **stil**

2 Kronieke 20:15 Die Here sê vir julle: Julle moenie bekommerd wees nie, julle moenie bang wees vir hierdie klomp vyande nie, want dit is nie julle oorlog nie, dit is God se oorlog.

GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
Efesiërs 6:10-20

Lees gerus die teks in
meer as een vertaling.

GOD se storie
gesels hieroor na

Belangrik om te onthou Jesus het reeds die bose en die dood oorwin aan die kruis en met Sy opstanding.

Die oorlog is gewen, daar is soms nog gevegte waar die bose probeer om ons anders te oortuig.

Ons krag lê in Jesus en Sy oorwinning. Ons het nie iets of iemand anders nodig nie. Sy krag beskerm ons.

Die oorlog is gewen.

God los ons egter nie nou op ons eie nie.

Hy gee vir ons toerusting... wapenrusting.

Kyk of julle die verskillende dele van die wapenrusting kan opnoem?

Waarom is elke deel van die wapenrusting belangrik vir ons?
Wat is die doel van elke deel van die wapenrusting?

ons **nuwe storie**

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

Paulus skryf hierdie brief uit die tronk uit. Nie juis 'n plek van oorwinning nie. Maar dit keer hom nie.

Hy herinner ons dat oorwinning behaal is en behaal word deur gebed... watter deel van die wapenrusting het jy vandag nodig?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Ons bid vir mekaar.

Elkeen van ons het 'n ander geveg waarmee ons besig is en waarin ons oorwinning nodig het.

Watter oorwinning wil jy vandag voor vra, waarvoor wil jy bid?

